

# BESIGHEIDSTUDIES

**GRAAD 10**

**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Twee**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 3 Augustus 2022**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)  
Slegs een antwoord is korrek.  
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



# PROVERTO EMS OLYMPIADE 2022 – GRAAD 10

## Onderwerp: Mikro-Omgewing

Suid-Afrika se werkloosheidskoers het in die vierde kwartaal van 2021 gestyg tot **35,3%**. Dit was die hoogste werkloosheidskoers sedert kwartaallikse data in 2008 beskikbaar gemaak is.

(<https://tradingeconomics.com/south-africa/unemployment-rate>, besoek 24/05/2022)

1. Werkloosheid is 'n makro-omgewingsprobleem. Hoe beïnvloed dit die mikro-omgewing?
  - A Toename in produksie namate die vraag na goedere en dienste toeneem.
  - B Afname in produksie namate die vraag na goedere en dienste toeneem.
  - C Toename in produksie namate die vraag na goedere en dienste afneem.
  - D Afname in produksie namate die vraag na goedere en dienste afneem.
  
2. 'n Dienskontrak of 'n indiensnemingskontrak is 'n kontrak wat in die arbeidsreg gebruik word om regte en verantwoordelikhede tussen partye toe te skryf. Wanneer die Menslike Hulpbronne bestuurder 'n nuwe kontrak opstel, moet hy/sy die Wet op Basiese Diensvoorwaardes in gedagte hou. Wat is die minimumloon volgens hierdie Wet?
  - A R15,60 per uur.
  - B R21,69 per uur.
  - C R23,19 per uur.
  - D R25,23 per uur.
  
3. Dui aan of elk van die volgende situasies vir 'n entrepreneur 'n sterkpunt, 'n swakpunt, 'n geleentheid of 'n bedreiging verteenwoordig.
  1. COVID-19 grendeltydperk.
  2. Geskoolde werkers.
  3. TERS-verligtingsfonds.
  4. Verhoging in brandstofprys.
  - A
    1. Bedreiging
    2. Sterkpunt
    3. Geleentheid
    4. Bedreiging
  - B
    1. Swakpunt
    2. Geleentheid
    3. Sterkpunt
    4. Swakpunt
  - C
    1. Geleentheid
    2. Swakpunt
    3. Bedreiging
    4. Geleentheid
  - D
    1. Sterkpunt
    2. Swakpunt
    3. Geleentheid
    4. Bedreiging

4. Die elektrisiteit wat verbruik word om krag aan die oond in Pick n Pay bakkerij te voorsien, word beskou as 'n:
- A veranderlike koste.
  - B marginale koste.
  - C totale koste.
  - D vaste koste.

## Onderwerp: Mark-Omgewing

Die mark skep nie voldoende werksgeleenthede om genoeg mense van werkende ouderdom van werksgeleenthede te voorsien nie. Die getal werkloos het met 701 000 tot 7,2 miljoen toegeneem, indiensneming het met 333 000 tot 15 miljoen gestyg en die arbeidsmag het met 1 miljoen tot 22,3 miljoen gestyg.

(<https://tradingeconomics.com/south-africa/unemployment-rate>, besoek 25/05/2021)

5. Werkloosheid is 'n makro-omgewingsprobleem. Hoe beïnvloed dit die mark-omgewing?
- A Minder belasting is beskikbaar vir die regering.
  - B Minder kliënte is beskikbaar aangesien minder besteebare inkomste beskikbaar is.
  - C Toename in kliënte namate die vraag na goedere toeneem
  - D Geen effek op markomgewing nie

Gebruik die advertensie hieronder en beantwoord Vrae 6 en 7.



Figure 1 <https://neilpatel.com/blog>

6. Bogenoemde advertensie is 'n voorbeeld van onetiese bemarking. Hoe beïnvloed dit die mark-omgewing?
- A 'n Kultuur van wantroue word tussen belanghebbendes in die mark geskep.
  - B Kliënte het gewoon geraak aan onetiese bemarking en word nie daardeur gepla nie.
  - C 'n Kultuur van vertroue word tussen besighede en verskaffers geskep.
  - D Daar sal geen direkte invloed op die mark-omgewing wees nie.
7. Watter wetgewing word deur onetiese bemarking beïnvloed?
- A Wet op die Straf van Kliënte.
  - B Wet op Verbruikersboetes.
  - C Wet op die Voorkoming van Kliënte.
  - D Wet op Verbruikersbeskerming.

8. Watter tegniek word gebruik om gebeure in die mark-omgewing te analiseer?
- A PESTLE analise.
  - B Die 'SS' in 'n SSGB analise.
  - C Porter se 6 Kragte.
  - D CBO's.
9. Watter een van die volgende kan die gebruik van tegnologie in bemarking beïnvloed?
- A COVID-19 grendeltydperk.
  - B Rentekoerse.
  - C Lewenskoste.
  - D Inflasiekoers.

## Onderwerp: Makro-Omgewing

10. Vul die ontbrekende inligting in vir die onderstaande stelling wat in Maart 2022 op Stats SA gepubliseer is.
- Die reële bruto binnelandse produk (BBP) het in die vierde kwartaal (Oktober tot Desember) met \_\_\_\_\_ gegroei, wat die jaarlikse groeikoers vir 2021 tot 4,9% laat styg het. Die vierde kwartaal was positief, met persoonlike dienste, handel, vervaardiging en landbou as die belangrikste dryfvere van groei.
- A 1,2%
  - B 2,1%
  - C 5,0%
  - D 15,1%
11. Vul die ontbrekende inligting in vir die onderstaande stelling wat op die Lancet-webwerf van April 2022 gepubliseer is.
- 'n Nuwe plan beoog om Afrika in staat te stel om teen 2040 \_\_\_\_\_ van die entstof wat dit benodig, te vervaardig.
- A 50%
  - B 55%
  - C 60%
  - D 65%
12. Wie het in aanmerking gekom om die TERS-uitbetaling tydens die hoogtepunt van die COVID-19 pandemie te ontvang?
- A Werknemers wat verminderde ure gewerk het.
  - B Werknemers wat nie tot die WVF bygedra het nie.
  - C Voltydse werknemers.
  - D Werknemers wat van die huis af gewerk het.

13. Vul die ontbrekende inligting in vir die onderstaande stelling:

Brandstofpryse word deur twee hoofkomponente beïnvloed naamlik die \_\_\_\_\_ en veranderinge aan \_\_\_\_\_, wat hoofsaaklik deur oliepryse gedryf word.

- A Inflasiekoers; rand/dollar wisselkoers
- B rand/dollar wisselkoers; internasionale petroleumprodukkoste
- C internasionale petroleumprodukkoste; die regerende party
- D rand/dollar wisselkoers; plaaslike industriële aksie

14. Wat het veroorsaak dat die prys van sonneblomolie met 'n yslike 45 tot 55% en die prys van kanola-olie met 35 tot 40% gestyg het?

- A Die Russiese inval in die Oekraïne.
- B Die Taliban is die regerende party in Afghanistan.
- C Oorstromings in KZN.
- D 2021 plundering in KZN.

15. Ongeveer \_\_\_\_\_ van die Suid-Afrikaanse volwasse bevolking is met MIV besmet.

- A 6,7 miljoen
- B 7,7 miljoen
- C 8,7 miljoen
- D 10 miljoen

## Onderwerp: Besigheidsektore

16. Van watter sektor van die ekonomie vorm banke 'n deel?

- A Informele
- B Primêre
- C Sekondêre
- D Tersiere

17. Vul die ontbrekende inligting in vir die onderstaande stelling wat in Mei 2021 op Moneyweb gepubliseer is.

Byna 'n kwart van die bruto binnelandse produk bestaan uit mynbou en vervaardiging, terwyl handel, wat die kleinhandelsektor insluit, \_\_\_\_\_ bydra.

- A 27%
- B 20%
- C 5%
- D 16%

18. Watter farmaseutiese maatskappy het as gevolg van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid die maatskappy daartoe verbind om hul COVID-19 entstowwe op 'n nie-winsgewende basis te verkoop?
- A Pfizer
  - B Johnson & Johnson
  - C Moderna
  - D Aspen
19. Verander die onderstreepte woord(e) om die stelling **WAAR** te maak.
- Besighede wat in die privaatsektor bedryf word, is gestig om kollektiewe goedere en dienste te lewer.
- A primêre
  - B informele
  - C formele
  - D openbare/publieke

## Onderwerp: Sosio-ekonomiese kwessies

20. Wat word die morele verpligting van die besigheid om tot die voordeel van die breë gemeenskap by te dra genoem?
- A Korporatiewe Sosiale Belegging.
  - B Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid.
  - C Korporatiewe Sosiale Organisasie.
  - D Wêreld Sosiale Verantwoordelikheid.
21. Wat word die werklike produksiefaktore wat 'n besigheid belê om die gemeenskap te help genoem?
- A Korporatiewe Sosiale Belegging.
  - B Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid.
  - C Korporatiewe Sosiale Organisasie.
  - D Wêreld Sosiale Verantwoordelikheid.
22. Werkloosheid wat as gevolg van toenemende outomatisering in fabriekse veroorsaak word, word \_\_\_\_\_ genoem.
- A seisoenale werkloosheid
  - B strukturele werkloosheid
  - C staatswerkloosheid
  - D sikliese werkloosheid
23. 'n Moontlike effek van COVID-19 in die werkplek is:
- A werknemers wat dikwels van die werk afwesig is.
  - B geskoolde werkers wat as gevolg van die siekte verlore gaan.
  - C werkers wat minder produktief is as gevolg van lae energievlakke.
  - D al die bogenoemde.

24. Watter organisasie is verantwoordelik vir die bestuur van die bydraes aan die Padongeluksfonds?
- A SAID
  - B SABSA
  - C SADSA
  - D SARTA

## Onderwerp: Vorms van Eienaarskap

25. Vul die ontbrekende inligting in vir die onderstaande stelling.
- \_\_\_\_\_ is die winste wat aan aandeelhouders in 'n publieke maatskappy betaal word.
- A Skuldbriewe
  - B Dividende
  - C Aansporings
  - D Inkomste
26. Vul die ontbrekende inligting vir die onderstaande stelling in.
- Die \_\_\_\_\_ is 'n dokument wat handel oor etiese sakepraktyke en op die volgende elemente fokus, naamlik sosiaal, ekonomies en polities.
- A Prospektus
  - B Memorandum van Inkorporasie
  - C King IV
  - D Stigting stelling
27. Die term 'beperk' in Pick n Pay Beperk beteken:
- A 'n beperkte aantal lede.
  - B die wins is beperk.
  - C die aanspreeklikheid van aandeelhouders is beperk.
  - D beperkte kontinuïteit.
28. Verduidelik die term "progressiewe belasting".
- A Hoër belastingkoerse vir diegene met 'n hoër inkomste of meer rykdom.
  - B 'n Belastingbetaler se vermoë om te betaal.
  - C 'n Besigheid wat nie inkomstebelasting betaal nie.
  - D Enkelbedrag belasting.
29. Wat is die maksimumbedrag belasting wat deur maatskappye betaalbaar is?
- A 16%
  - B 23%
  - C 28%
  - D 45%

30. Die vermoë van 'n onderneming om kontrakte in sy eie naam aan te gaan, staan bekend as:

- A kontinuïteit.
- B eienaarskap.
- C beperkte aanspreeklikheid.
- D regspersoon.